**Wêreldwye ekonomiese vooruitsig: Februarie 2010**

# Versigtig optimisties oor ‘n matige herstel

**Deur Kevin Lings, ekonoom, en Melissa Dyer: STANLIB**

2009 was ‘n jaar van sowel ekonomiese ontwrigting as belangrike geskiedkundige gebeure. Met die aanvang van 2010 is die vrees vir die ineenstorting van die wêreld se bankstelsel vervang deur ‘n versigtige optimisme vir ‘n matige herstel in die wêreld-ekonomie. Daar bestaan egter wel ‘n risiko dat die groei van ontwikkelde markte in 2011 sal afplat, namate rentekoerse verhoog word.

## 2009: Nuwe leierskap

Verlede jaar het ons tuis sowel as in die buiteland betekenisvolle veranderinge in leierskap ervaar. Jacob Zuma is as Suid-Afrika se nuwe president ingesweer. Morgan Tsvangirai is in Zimbabwe in ‘n opspraakwekkende magsdeling-ooreenkoms as die land se nuwe premier ingesweer. Barack Obama het Amerika se 44ste president, asook die land se eerste Afri-Amerikaanse president geword.

Ons het ook ‘n verskuiwing van politieke en ekonomiese mag ervaar, deurdat die G20 groep van lande, insluitend Suid-Afrika, ‘n groter invloed op die wêreld-ekonomie verkry het as die oorspronklike G8-supermoondhede.

## 2010: Ekonomieë is broos, maar aan die verbeter

Die wêreldwye ekonomie is aan die herstel en finansiële markte wêreldwyd het reeds merkwaardig herstel. Die meeste lande, Suid-Afrika inkluis, het weer in die derde kwartaal van 2009 positiewe, reële groeikoerse getoon. Sommige lande het vanaf die tweede kwartaal positiewe groei begin toon.

Hoewel baie ekonomieë steeds broos is, dui ekonomiese aanwysers op verdere verbeteringe in ekonomiese toestande deur die loop van 2010.

## Binnelandse besteding gee China se ekonomie ‘n hupstoot

Die groot ontwikkelende ekonomieë, of die BRIC-lande (Brasilië, Rusland, Indië en China), lok steeds op groot skaal beleggers, veral Brasilië en China.

In China is ekonomiese bedrywighede aan die toeneem, veral in die vorm van binnelandse besteding. In die derde kwartaal van 2009 het China se ekonomie jaar-op-jaar met 10.7% gegroei, terwyl dit intussen – jaar-tot-datum – met ‘n merkwaardige 8.7% gestyg het. Al hierdie bedrywigheid is danksy plaaslike stimulasie. Ondanks die daling in uitvoere (wat onlangs verbeter het), is China reeds goed op dreef om vir 2010 as geheel ‘n groeikoers van minstens 9% te toon.

## Uitwerking van die onttrekking van stimulus-pakkette

Daar heers onsekerheid oor wanneer die wêreld se regerings hul onderskeie massiewe stimulus-pakkette sal onttrek en wat die gevolge daarvan sal wees. Ons het reeds wêreldwyd rentekoerse sien styg. China het reeds begin om die leisels van sy monetêre beleid styf te trek, wat ‘n negatiewe uitwerking op aandelemarkte gehad het.
Dit is noodsaaklik dat die stimuli geleidelik onttrek word, en ook eers sodra daar meer bewyse is dat ekonomiese herstel volhoubaar is – byvoorbeeld deur ‘n verbetering in werkverskaffing- en indiensnemingsyfers.

## Na 2010: Groei kan moontlik afplat

STANLIB se mening is dat, terwyl daar wel bewyse is van ‘n redelike ekonomiese herstel wat na verwagting oor die volgende 12 maande al hoe meer momentum sal kry, is daar tog ‘n aantal faktore wat daarop dui dat wêreldwye groei, veral in die ontwikkelende wêreld, moontlik teen 2011 se aanvang stoom kan verloor namate regerings besnoei op besteding, rentekoerse verhoog en planne begin maak met die staatskulde wat opgeloop het vanweë die stimulasie van die wêreldwye ekonomie.